24 GRATIS
# Goeie Nuus Good News
NOU REEDS 24 JAAR OUD!
Augustus 2022
AANLYN-UITGAWE ONLINE EDITION
Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper

# A Little Girl's Prayer


Dr. Helen Roseveare

**The following story is a testimony written by a doctor who worked in Africa, dr. Helen Roseveare, a missionary from England. Helen qualified as a medical doctor, packed up her life in England and set off to be a missionary in the Belgian Colony of the Congo (now the Democratic Republic of Congo). She went there to set up hospitals and rural clinics and train national nurses to work in them. Her work often took Helen on long journeys through dense forests. Helen's service was interrupted by the Simba Rebellion during which she was assaulted and held captive for several months.**

***TruthOrFiction.com* tracked her down and she told them that the 'water bottle story' is true and that she included it in her book, "Living Faith." She has written about the revival that took place in the 1950s in what was then the Belgian Congo. She has been associated with WEC (World Evangelization for Christ.**

-----------

*One night I had worked hard to help a mother in the labour ward; but in spite of all we could do, she died, leaving us with a tiny, premature baby and a crying two-year-old daughter. We would have difficulty keeping the baby alive; as we had no incubator (we had no electricity to run an incubator). We also had no special feeding facilities. Although we lived on the equator, nights were often chilly, with treacherous drafts. One student midwife went for the box we had for such babies and the cotton wool that the baby would be wrapped in.*

*Another went to stoke up the fire and fill a hot water bottle. She came back shortly in distress to tell me that in filling the bottle, it had burst (rubber perishes easily in tropical climates). "And that was our last hot water bottle!" she exclaimed. As in the West, where it is no good crying over spilled milk, so in Central Africa it might be considered no good crying over burst water bottles. They do not grow on trees, and there are no pharmacies down forest pathways. "All right," I said, "put the baby as near the fire as you safely can, and sleep between the baby and the door to keep it free from drafts. Your job is to keep the baby warm."*

*The following noon, as I did most days, I went to have prayers with any of the orphanage children who chose to gather with me. I gave the youngsters various suggestions of things to pray about and told them about the tiny baby. I explained our problem about keeping the baby warm enough, mentioning the hot water bottle, and that the baby could so easily die if it got chills. I also told them of the two-year-old sister, crying because her mother had died.*

*During prayer time, one ten-year-old girl, Ruth, prayed with the usual blunt conciseness of our African children: "Please, God" she prayed, "send us a hot water bottle today. It'll be no good tomorrow, God, as the baby will be dead, so please send it this afternoon." While I was gasping inwardly at the audacity of the prayer, she added, "And while You are about it, would You please send a dolly for the little girl, so she'll know You really love her?" As often with children's prayers, I was put on the spot. Could I honestly say "Amen?" I just did not believe that God could do this!*

*Oh, yes, I know that He can do everything; the Bible says so. But there are limits, aren't there? The only way God could answer this particular prayer would be by sending me a parcel from the homeland. I had been in Africa for almost four years at that time, and I had never, ever, received a parcel from home. Anyway, if anyone did send me a parcel, who would put in a hot water bottle? I lived on the equator!*

*Halfway through the afternoon, while I was teaching in the nurses' Training School, a message was sent that there was a car at my front door. By the time I reached home, the car had gone, but there on the verandah was a large 22-pound parcel. I felt tears pricking my eyes. I could not open the parcel alone, so I sent for the orphanage children. Together we pulled off the string, carefully undoing each knot. We folded the paper, taking care not to tear it unduly. Excitement was mounting. Some thirty or forty pairs of eyes were focused on the large, cardboard box. From the top, I lifted out brightly-coloured, knitted jerseys. Eyes sparkled as I gave them out. Then there were the knitted bandages for the leprosy patients, and the children looked a little bored. Then came a box of mixed raisins and sultanas - that would make a batch of buns for the weekend.*



*Then, as I put my hand in again, I felt the...could it really be? I grasped it and pulled it out. Yes, a brand new, rubber hot water bottle! I cried. I had not asked God to send it; I had not truly believed that He could. Ruth was in the front row of the children. She rushed forward, crying out, "If God has sent the bottle, He must have sent the dolly, too!"*

*Rummaging down to the bottom of the box, she pulled out the small, beautifully dressed dolly. Her eyes shone! She had never doubted! Looking up at me, she asked, "Can I go over with you and give this dolly to that little girl so she'll know that Jesus really loves her?" "Of course," I replied! That parcel had been on the way for five whole months, packed up by my former Sunday School class, whose leader had heard and obeyed God's prompting to send a hot water bottle, even to the Equator!*

*And one of the girls had put in a dolly for an African child. Five months before, in answer to the believing prayer of a ten-year-old to bring it "that afternoon!" "Before they call, I will answer." (Isaiah 65:24)*

*Prayer is one of the best free gifts we receive. There is no cost, but a lot of rewards. Let's continue to trust in God with all our heart. What a faithful God!!!*

# HOE MOET ONS DIE WOORD VAN GOD LEES EN TOEPAS IN ONS LEWE?

Hoe moet ons die Woord van God lees en toepas in ons lewe? As gelowiges begin ons by Jesus Christus, want alles het deur Hóm ontstaan.

Het jy al jou lewe aan Jesus oorgegee? Dan is jy 'n gelowige kind van God. Wedergebore deur die Heilige Gees. Paulus sê in Handelinge 17:28, *"…want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook Sy geslag."*

Ons lees ook in Johannes 1:1-5 - *"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie."* Dít is ons beginpunt.

Ons kan tweedens gaan kyk hoe Jesus Self met die Woord omgegaan het. Ook met die ongelowiges het Hy die Woord ruim gebruik. Selfs ook teenoor die duiwels. Maar dan ook met die dissipels wat Hy opgelei het. Gaan kyk maar hoe dikwels het hulle as apostels die Woord gekwoteer, selfs ook Paulus in 'n heidenwêreld. Kan jy sien dat die Woord KRAG het en ook GESAG het (Ons praat van Skrifgesag).

Kyk derdens na die geskiedenis van die Kerk. Het jy al gehoor van die vyf solas van die Hervorming? Die Hervorming het plaasgevind in die tyd van Martin Luther. En Luther het op sy knieë met die Scala Sancta (Heilige Trappe) opgekruip toe hy God se Stem hoor: *"Maar die regverdige sal uit die geloof lewe"* (Rom. 1:17). Dit breek oop in sy gees, en hy roep uit: "Dit was my wedergeboorte!"

En hier ontstaan die eerste van die solas, nl. Sola fide - <u>geloof alleen</u>, toe Luther sy 95 stellings teen die deur van die kerk te Wittenberg vasgespyker het (31 Oktober 1517) om die dwalinge van die Rooms-Katolieke Kerk bloot te lê. *[Lees ook in die Junie-uitgawe 2022: Goeie Nuus / Good News, "Die regverdige sal uit die geloof lewe" op ons webtuiste <u>www.goodnewsmessage.co.za</u>].*

Vervolgens is die konsep van Skrifgesag kernbelangrik vir die Kerk van Jesus Christus, oor alle kerkgrense heen. Die Kerk moes standpunt inneem teen alle bedreiginge van buite en hulle belydenis, wat op die Skrif gegrond is, bevestig. Dit is vandag net so belangrik as in die tyd van die Hervorming, omdat die Skrifgesag weer in gedrang kom deur sommige teoloë wat bely dat die Bybel nie meer beskou hoef te word as God se gesaghebbende Woord aan die mens nie, maar bloot as mense se nadenke oor God. En dit is die tweede van die vyf solas, die Sola Scriptura, wat beteken die <u>Skrif alleen</u>.

Kom ons konsentreer egter vir 'n oomblik weer op al vyf solas. Iemand stel dit so: "Dié vyf beginsels verteenwoordig die kern van die Hervorming, dit is kritiek belangrike begrippe in die Protestantse geloof."

Die vyf solas is vyf Latynse frases wat die kernposisies verteenwoordig van diegene wat hulle hou by die Protestantse Hervorming wat in die 16de eeu plaasgevind het. Hulle word meer algemeen erken binne die Gereformeerde (Calvinistiese) perspektief.

Die vyf solas is die vyf pilare van die Hervorming:

Sola Scriptura - die Skrif alleen.
Sola gratia - genade alleen.
Sola fide - geloof alleen.
Sola Christus - Christus alleen.
Soli Deo gloria - aan God alleen die heerlikheid.

Tog kan ons nie nalaat om alle ander Kerke (bykomend tot die Gereformeerde tradisie), en buiten die Rooms-Katolieke Kerk, se navolging hiervan te belig nie. Dit is die siening van die algemene Protestantse Beweging.

Nog iemand som dit soos volg op: *"The five solas state that Christians are saved by grace alone, through faith alone, in Christ alone, as revealed by Scripture alone, to the glory of God alone."*

Omdat dit vir ons in hierdie artikel gaan oor hoe ons as gelowiges die Woord moet lees en toepas op ons lewens, gaan hierdie bespreking slegs fokus op Sola Scriptura, wat beteken die Skrif alleen, en nie op al die solas nie. Dit kan oorstaan vir 'n ander geleentheid. Ons vertrekpunt hier is dus die Woord.

Wanneer ons dan na die Woord gaan, moet ons dit lees met kennis van die agtergrond van die vyf solas. Die solas is nie bloot 'n produk van menslike denke nie, maar is gegrond op die Woord van God. Teoloë het dit nie uitgedink nie, maar het dit eerder net geformuleer soos hulle dit in die Woord gevind het. Dit is in die eerste plek die Sola Scriptura, wat beteken die Skrif alleen. Dit bevestig die geloof in die Skrif se gesag.

## BOU JOU LEWE OP DIE WOORD

Dit geld nie slegs vir saligheid nie, maar vir jou ganse lewe! Indien ons die Skrifgesag in twyfel sou trek, kan ons maar ophou om Christen te wees. Dan is ons Bybel maar bloot 'n boek soos enige ander boek. Dan is ons Christelike godsdiens soos enige ander (heidense) godsdiens wat geen gesag het om oor God te getuig nie.

As Jesus sê, *"Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word"* (Markus 16:15-16), op watter gesag kan ons dit sê as ons die Skrifgesag verloën?

Die Woord getuig van die Evangelie van Jesus Christus, wat lewensverandering kan teweegbring. Dit het gesag wat, deur die Heilige Gees, krag kan hê om enige mens te verander van 'n helverdiende sondaar na 'n gelowige kind van God!

Lees wat staan in 2 Tim. 3:16-17 - *"Die hele Skrif is deur God <u>ingegee</u> en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."* Die woord "ingegee" beteken dit is deur God <u>geadem</u> - "Every Scripture is <u>God-breathed</u>." En daarin lê die gesag van die Skrif. Dit is woord vir woord deur die Heilige Gees ingegee. Daarom moet ons die Woord lees onder leiding van die Heilige Gees om te verstaan wat Hy vir ons wil sê.

Nog 'n teoloog skryf soos volg hieroor:

**"Per slot van rekening is dit die Gees wat die kerk en gemeentes deur die Woord in die volle waarheid lei. Hiervoor is geestelike onderskeiding nodig. Die kerk moet konstant leer om die bedoelings van die Gees in die Woord te onderskei. Dit spreek dus vanself dat biddende afhanklikheid gebiedend noodsaaklik is. Die Bybel is gewoon nie soos 'n kadawer wat na hartelus gedissekteer kan word nie. Volslae ootmoed pas hier, die bereidheid om waarlik te luister.**

**"Die Gees moet ons deur sy Woord vorm, ons denke rig. Die verligting, leiding en inspirasie van die Gees is onontbeerlik. Dit is al waarborg wat ons het dat die Woord tot die gemeente volgens God se wil en bedoeling sal spreek. Die Gees het die Woord geadem; die Gees getuig van die betroubaarheid van die beloftes, die Gees vertroos en verseker, die Gees verlig die verstand, die Gees lei en verlig die lesers in hulle innerlike mens, hulle harte, gemoedere, denke, hartstogte en prioriteite.**

**"Om saam te vat: Die belydenis dat die Bybel gesaghebbend is, sluit nie verantwoordelike en sorgsame uitleg uit nie, maar roep dit juis op, maak dit noodsaaklik, onontbeerlik. Die Bybel is gesaghebbend, maar moet geïnterpreteer word, anders misbruik ons bloot die Bybel."**

https://ngkok.co.za/selfdegeslag/djsmit-skrifgesag-homo.pdf

Slegs op hierdie wyse kan ons God se Stem hoor en Sy boodskap kry vir onsself, ook vir VANDAG wanneer ek my verootmoedig voor Hom, op my knieë, en selfs na ander gelowiges (ook predikante) luister wat die Woord vir my duidelik maak, maar onder die leiding van die Heilge Gees. Amen.

*© Dr. JJ Venter*

## I can Trust God Because He...

| | | |
|---|---|---|
| Never changes | - | Hebrews 13:8 |
| Is all-powerful | - | Jeremiah 32:17 |
| Is all-knowing | - | Psalms 147:5 |
| Is always with me | - | Psalms 139:7-10 |
| Is wise | - | Romans 11:33 |
| Is faithful | - | Psalms 119:90 |
| Is good | - | Psalms 34:8 |
| Is love | - | 1 John 4:7-8 |
| Is merciful | - | Romans 9:15-16 |

# BELOFTES - GEEN INSPUITINGS OF PLEISTERS

*"Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid …Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig"* (Psalm 19:8,9).

*Koop hierdie motor!* - sê die advertensie. *Let op die aerodinamiese ontwerp; voel die ondersteuning wat die rugleuning van die wetenskaplik-ontwerpte bestuurdersitplek bied. Koop hierdie motor en kry 'n 100 000 kilometer-waarborg, verhoogde status, 'n lugkussing vir beskerming, lae brandstofverbruik, 'n onoortreflike remstelsel…*

As denkende mens bedink jy die voordele van die motor.

Jy besluit: die aankoop van hierdie motor gaan fyner finansiële beplanning van my verg, maar ek het dit wat hierdie motor my bied, werklik nodig.

Die moderne mens het nie net 'n motor met 'n lugkussing nodig nie. Hy het lewe, wysheid, blydskap, insig en sekuriteit nodig.

*Koop die motor - en jy bekom 'n 100 000 kilometer-waarborg.*

**Bestudeer, eet, absorbeer, lees, oordink en doen die Woord van God - en jy vind lewe, insig, wysheid, lewenskoers, blydskap, sekuriteit en onwankelbare vastigheid in 'n tollende en tuimelende wêreld.**

Natuurlik gaan dit fyner tydsbeplanning verg … maar het jy dit wat die Woord jou bied, nie dringend nodig nie?

Die meeste mense loop met die gedagte dat die beloftes in die Woord van God vir krisistye bedoel is: Dat God se beloftes soos inspuitings werk.

Wanneer jy regtig ernstig siek is, haas jy jou na die dokter en vra dat hy jou 'n inspuiting in plaas van stadigwerkende pille moet gee. Die inspuiting moet jou deur die krisis help. Dis wat God se beloftes is, dink ons. Stewige en onmisbare hupstootjies in krisistye. *Niks is verder van die waarheid af nie!*

Die beloftes van God het met bestendige groei, met jou daaglikse lewenskwaliteit, met wysheid en insig, met jou gemoedstoestand te doen. **Die beloftes van God is soos brood, soos jou stapelvoedsel:** dié wat nalaat om elke dag daarvan te eet, sal altyd honger, onrustig, soekend, onbehaaglik en ongelukkig voel.

Die beloftes in die Woord van God is nie soos pleisters wat haastig op wonde geplak word nie: die beloftes van God hou ons gees gesond, ons oë stralend, ons harte heel, ons hoop lewend, en ons gedagtes vars!

**Kan jy leef sonder dit wat die Woord jou kan gee? Natuurlik nie. Eet dan die Woord!**

Gebed: Here, ek het U Woord nie lief genoeg nie, daarom bestee ek nie naastenby genoeg tyd daaraan nie. Ek kan maar net pleit dat U my vertrapping van dit wat lewe, wysheid, blydskap en insig kan gee, sal vergewe. **Maak my asseblief honger na U Woord!**

*[Uit: Beloftes van Reën en Dou, Maretha Maartens, Aktuapers,1996].*

**Vandag…**

wil ek dankie sê…
want U, Here, sorg méér as sorg.
U wek my elke oggend
met nuwe krag. U voed my
met ewigheidskos.
U bied my Lewende Water.
In tye van nood bring U redding.
Deur my hele lewe drá U my.
U Hand is reeds daar
wanneer ek val.
En wanneer ek van U af
wegdwaal, lei U my weer terug
na U hart.

*U goedheid ken geen einde nie!*

# A wa Nthata?
## (Do You Love Me?)



Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837

**DITEMANA**

E rile ba sena go fitlhola, Jesu a botsa Simone Petoro a re: "Simone, morwa Jona, a o nthata bogolo go ba?" A mo araba a re: "Ee, Morena, o itse gore ke a go rata."
Jesu a mo raya a re: "Fudisa dikwanyana tsa me!"
A boa a mmotsa lwa bobedi a re: "Simone, morwa Jona, a o a nthata?" A mo araba a re: "Ee, Morena, o itse gore ke a go rata."
Jesu a mo raya a re: "Disa dinku tsa me!"
A mmotsa lwa boraro a re: "Simone, morwa Jona, a o a nthata?" Petoro a hutsafala, ka a mmotsa lwa boraro a re: "A o a nthata?" A ba a mo araba a re: "Morena, o itse dilo tsotlhe, o itse gore ke a go rata."
Jesu a mo raya a re: "Fudisa dinku tsa me!
Ammaaruri, ammaaruri ke go raya ke re: E rile o sa le yo mošwa, wa itlama, wa itsamaela kwa o ratang teng; mme e tla re o sena go tsofala, o otlolole mabogo, mme yo mongwe a go tlame, a go gogele kwa o sa go rateng."
O ne a bua jalo go supa gore o tla galaletsa Modimo ka loso lo lo ntseng jang. Ya re a sena go bua jalo, a mo raya a re: "Ntshale morago!" (Johane 21:15-19).

"Metlheng eo ba tla lo tsenya mo pitlaganong, ba lo bolaya; mme lo tla nna ba ba tlhoilweng ke ditšhaba tsotlhe ka ntlha ya leina la me. Metlheng eo ba bantsi ba tla kgotšwa, ba tshwarisanya, ba tlhoana. Baporofeti ba bantsi ba kako ba tla tsoga, ba timetsa ba bantsi. Mme lorato lwa ba bantsi lo tla tsidifala ka ntlha ya go ntsifala ga tshiamololo (Matheo 24:9-12).

**DIKAKANYO**

Mo kgaolong e e fa godimo Jesu o a botsa. A o a nthata? Fa Jesu a ka go botsa gore a o a mo rata wena o tla re eng? Mme nagana fela fa a ka go botsa gararo gore a wa mo rata? Fa o na le moratiwa kgotsa mogatsa a go botsa gararo gore a o a mo rata o tla tlelwa ke kakanyo efe? Le Simone a ne a maketse gore goreng Jesu a ka mmotsa gararo. Se re tshwanetseng go se lebelela ke gore Jesu o araba ka taelo efe morago ga potso e nngwe le e nngwe. Sa ntlha a re: "Fudisa dikwanyana tsa me!"

Rona bagolo re dinku tsa Modimo mme bana ke dikwanyana tsa Modimo. Go diragalang mo lefatsheng le mo merafeng ya rona? A bana ba a tlhokomelwa? Mo malapeng a mantsi batsadi ga ba tlhokomele bana mme batsadi ba bantsi ga ba teng kwa gae. A wena o fudisa dikwanyana tsa Modimo?

Mo potsong ya bobedi Jesu a re: - "Disa dinku tsa me!" Rona re le batho ba kereke a re tlhokomela dinku tsa Modimo? Wena moruti, o le modisa wa lotsomane la Modimo a o tlhokomela dinku tsa Modimo? O go file phuthego mme o le tlhokomela jang? Wena o le mme kampo rre wa lelapa o tlhokomela jang lelapa la gago? Mo karabong ya bofelo Jesu o tla ka taelo ya: "Ntshale morago!"

A wena o santse o setse Jesu le Lefoko la ga Jesu morago? A ditiro tsa gago le mekgwa ya gago di santse di kgotsofatsa kopo e ya ga Jesu? Mo nopolong e go tswa mo bukeng ya Matheo re bona lekwalo le le reng: "Mme lorato lwa ba bantsi lo tla tsidifala..."

A lerato la gago le tsidifetse? Fa re lebelela ditiragalo tsa mo lefatsheng le tsa mo nageng ya rona go bonagala ka nnete gore lerato la batho le tsidifetse. Batho ba a bolaana. Bana ga ba tlotle batsadi. A lerato la Jesu le a bonagala mo go wena kwa tirong? A wena o lerato fela ka Sontaga kwa kerekeng?

Jesu o itse pelo ya gago mme o itse gotlhe se o se akanyang le tse o di dirang ka sephiri. Go busa mang mo tsamaong ya gago? A go busa lerato kgotsa bopelotshetlha? A re gotetse lerato la Jesu mo dipelong tsa rona. A re se tsidifale dipelo jaaka go bonagala mo re tsamayang teng.

**THAPELO**

Modimo re go kopa gore o romele Mowa o o Boitshepo go re thusa go gotetsa dipelo tsa rona. Re thuse re se tsidifale dipelo mme re fudise mme re tlhokomele dinku tsa gago. Re thuse gore re tlhokomelane ka lorato mme re thusane go dula re gotetse. Re kopa o re ame dipelo mme o re fetole dipelo jaaka o kgona go fetola dipelo tsa mafika go nna dipelo tsa nama le lerato.
AMEN.

# GOD IS DIE SKEPPER VAN HOOP! (Twee Mossies Vir 'n Sent)



Anette Marais sit op 'n stomp en skud die stof van haar verslete klere af. Rondom haar sit die groepie bekende gesigte van moeë vrouens.

Net 'n paar tree verder is die hoë draad van die konsentrasiekamp. Sy slaan haar Bybel oop en begin lees. Sy het in die donker ure van die nag met God geworstel en Hom gesmeek vir 'n boodskap om hierdie vrouens mee te bemoedig, want wie weet hoe lank nog…

Anette lees die woorde van Matt. 10:29 - *"Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie." ("Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie, en tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie"* - Nuwe Vertaling).

Terwyl sy besig is om hierdie woorde te lees, kom sit daar 'n vaal, klein mossie op haar skouer. Die groepie vrouens staar in verbasing na wat voor hulle gebeur, en so word die mossie, 'n teken van hoop in die onmoontlike omstandighede van die konsentrasiekamp in Bethulie.

Dit was fantasties om in die maande wat volg, te sien hoe die mossies van Bethulie 'n baken van geloof en hoop word vir hierdie vrouens.

Op 21 Mei 1902 was die oorlog verby. Anette het op pad terug na haar huis by 'n invloedryke vrou aangedoen en haar vertel van die "mossie-boodskap". Sý het dit weer oorvertel en genl. Jan Smuts het in 1923 die mossie op die land se kleinste muntstuk ('n kwartpennie) laat verskyn.

Daar word vertel dat Jak de Priester amper 80 jaar later in 'n park in Londen gesit het. Sy geld was op. Hy kry nie werk nie, hy mis die meisie van sy drome, en sonskyn en biltong. Hy slaan sy klein silwer Bybeltjie oop en lees die "mossie-boodskap" en bid vir die soveelste keer vir werk!

Vroeg die volgende oggend lui sy telefoon en dis die oproep waarvoor hy gewag het. Hy spring op die eerste trein en begin met 'n lang dag se onderhoude. Moeg, maar gelukkig en met 'n permanente werk, klim hy weer laatmiddag op die trein. Toe hy inklim, sien hy 'n muntstuk op die vloer lê. Hy tel dit op, en daar op 'n trein in Londen hou hy 'n Suid-Afrikaanse 1c in sy hand - met 'n mossie agterop! Hy vertel dat die wêreld rondom hom gaan stilstaan het en dat hy besef het dat God daar by hom op die trein was en dat gebed sy waarborg is in hierdie stukkende wêreld.

Vandag, 'n hele paar jaar later, skud ek my beursie uit. Ek sit 'n 1c neer vir my vriendin met borskanker, nog 'n 1c vir huwelike wat wankel, 'n 1c vir iemand na aan my hart se werksomstandighede, vir enkelouers en weduwees, en ek besef die "mossie-boodskap" is dalk net een versie in 'n dik Bybel, maar dit spreek van 'n almagtige, liefdevolle God wat ons vertroosting en hulp belowe!

<u>Gebed</u>:
Here, dankie dat daar altyd hoop is! Dankie vir bakens langs die pad wat ons help om geduldig te wees terwyl ons op U wag om ons omstandighede te verander. Amen.

(Geskryf deur Rosa Duvenhage wat dit uit 'n nuusbrief van Anna Eksteen geneem het.)
Bronne:
https://www.facebook.com/DieChristenVrou/posts/360075987428448
Admin@friKos, 3 Julie 2013

<u>INTERESSANTHEIDSHALWE</u>:
Die mossies op ons nederigste muntstuk het sy oorsprong in die Anglo-Boereoorlog gehad. Die vroue in elke konsentrasiekamp het 'n "oorlewingstema" uit die Bybel gehad. Bethulie s'n was Matteüs 10:29 en 31 wat in die Afrikaanse Nuwe Vertaling lui: *"Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies."*

Die kampvroue het 'n belofte gemaak dat, indien Suid-Afrika ooit 'n oortjie, kwartpennie, stuiwer of sent uitreik, hulle sou probeer om die mossies as hul simbool van hoop en geloof daarop te laat uitbeeld.

Ná die aanbreek van Vrede op 31 Mei 1902, het die kampvroue na hul plase teruggestap. 'n Sekere mev. Marais van die plaas Vlakfontein, tussen pres. M.T. Steyn se plaas Onze Rust, suid van Bloemfontein en Reddersburg, het op die agterstoep van Onze Rust aangegaan waar sop en brood vir die terugkerendes gereed gestaan het.

Sy het mev. Tibbie Steyn gevra om dié Bybelversies op die land se nederigste muntstuk te laat uitbeeld uit dank aan die Skepper wat hulle die oorlog laat oorleef het en om die mans wat geveg het, aan hul waarde te herinner.

Mev. Steyn het die saak opgeneem. Ná 'n stryd van jare het in 1923 twee gewone mossies met die hulp van genl. Jan Smuts, destydse premier, op die keersy van die kwartpennie (stuiwer) verskyn om elke Suid-Afrikaner aan sy of haar waarde in die oë van die Skepper te herinner.

In dié ontwerp van Kruger Gray het die twee mossies vir mekaar gekyk. Dit het Suid-Afrika, sover bekend, die enigste land ter wêreld gemaak wat 'n Bybelvers op 'n munt uitbeeld.

In 1961, ná desimalisering, het dieselfde ontwerp op die nuwe halfsent verskyn. In 1965 het 'n nuwe 1c verskyn waarop twee mossies, die een skuins bokant die ander, op 'n takkie sit en van mekaar af wegkyk. Dié ontwerp van Tommy Sasseen is gegrond op 'n skildery van Dick Findlay. Dieselfde ontwerp is ook gebruik op halfsente wat ná 1970 gemunt is.

Met die koms van 'n nuwe muntreeks in 1991 het die mossies op die nuwe 1c weer vir mekaar gekyk. Dit was 'n ontwerp van William Lumley wat op die oorspronklike 1923-ontwerp gegrond is. Selfs nadat 'n nuwe politieke bedeling in 1994 tot stand gekom het, het die mossies op ons nederige 1c-stuk gepryk.

http://blogs.litnet.co.za/avega/2011/10/19/more-is-d-dag/

## VEILIG IN GOD SE SORG

**Jy vind vertroosting in gebed in die wete dat Iemand altyd jou beste belange op die hart dra. Hy is nie net altyd by jou nie; Hy is aktief besig om alles te doen om jou veilig in Sy sorg te hou. Jy kan verseker wees van Sy genade bo jou… Sy onsterflike liefde rondom jou… en Sy ewigdurende arms om jou!**

**Selfs al is daar dinge wat teen jou is, is daar soveel meer dinge wat in jou guns tel. Terwyl jou vyande jou van jou vreugde probeer beroof, dek God 'n tafel voor jou wat oorloop met geestelike seëninge van goedheid, barmhartigheid en liefde. Wanneer jy tot Hom nader in gebed, vind jy 'n tafel waarin jou siel hom kan verlustig… waarin jou hart hom kan verheug.**

**Wanneer jy tot God nader in tye van persoonlike droogte; wanneer jy 'n behoefte het aan hulp of genesing; wanneer jy eensaam is, sal jy vind dat Sy Hand die olie van die Heilige Gees liefdevol oor jou uitgooi. Dit sal jou bemoedig, verfris en tot oorlopens toe vul. Sy olie genees en sus, kalmeer en verlig, en laat jou aangesig skyn met die gloed van Sy Goddelike Teenwoordigheid.**

**Hoe glansryk en wonderlik is al die dinge wat jy deur gebed ervaar: goedheid, skoonheid, genade, guns, seëninge, getrouheid en liefdevolle sorg. In Sy wonderbaarlike vrygewigheid kry jy die beste, die hoogste, die diepste en die volheid van Sy liefde. Alles wat Hy reeds vir jou gegee het, sal Hy aanhou om vir jou te gee al die dae van jou lewe.**

***[Hoop vir Vandag, Roy Lessin, Christian Art Gifts, RSA, 2005].***

# STANDING TALL AND STRONG THROUGH PRAYER



*Dr. Charles Stanley*

An older pastor got into the habit of challenging his congregation by quoting Jeremiah 33:3: ***"Call to Me and I will answer you, and I will tell you great and mighty things, which you do not know."*** Levelling his eyes at those gathered before him, he would say, "Try it. It works!"

This is a simple thought, but it carries a tremendous truth: **God wants us to call to Him.** In fact, many times He allows disappointments and difficulties into our lives so that we will draw closer to Him in intimate communion.

Prayer is a very powerful tool for believers - through it the Lord blesses us and frees us from bondage. In prayer we profess our need of Christ and ask for His solution to our problems. We also learn to worship Him and grow spiritually in His loving presence. As we spend time with Him, God lovingly teaches us how to communicate with Him and listen for His still, small voice. Through it all, we grow deeper in our relationship with Him.

Several things are essential to establish a powerful prayer life:

**1. Choose a definite time to spend with the Lord in prayer.** Setting a time, whether early in the morning or late in the evening, is not the issue. Rather, consistency is the key. Ask God to show you the perfect time when you can be alone with Him.

**2. Select a place where you can be alone with Him.** Although you may be limited as to where you can go to have time alone with the Lord, He will provide the perfect place for you to seek Him.

**3. Make the commitment to pray daily.** This alone tells God that your heart is open to Him and that you want to learn more about Him and what He has planned for you.

**4. Keep a journal that contains your requests and how God answers your prayers as a continuing testimony of God's work in your life.** Remember to write down the specific verses that He applies to your situation and the promises He gives you from His Word.

God honours the prayers of His people. If you go to Him - seeking Him earnestly and obeying His commands - He will provide all you need. So don't worry about what to say; the Holy Spirit will show you.

At times, tears are just as effective as words, and God is sensitive to every tear you cry. Just as He understands the hurt you feel, so He knows how to deal with and guide you through any trial you must endure.

Therefore, whenever a trial strikes, turn to Him immediately in prayer. His presence will fill you with hope, and He will give you the strength and wisdom you need to face the situation with confidence. Throughout your lifetime, you may face many difficult situations. Some will be very exciting, while others may feel as though they will break your heart.

No matter what challenges come, you can be sure God is in the difficulty with you. He enjoys seeing you rejoice over His blessings, but He also mourns with you when tragedy strikes.

Always remember that God is bigger than any problem you face, and the distance between your success and failure or your victory and defeat is the distance between your knees and the floor as you kneel before your wondrous Lord and Saviour in surrendered prayer. **You are never taller or stronger than while on your knees!** Why? Because He knows the way before you, and He can guide you through the difficulty if you will trust Him. And when you submit to Him in obedience, He applies His unlimited resources, wisdom, and power to help you.

My challenge to you is simple: whatever you're facing, trust God with it. Ask Him to take away the anxiety, fear, and feelings of frustration. Have faith in the Lord and rest in His care. You will never feel more accepted or secure than you do in the presence of God. Victory awaits, so come to Him!

*Dr. Charles Stanley*
*www.intouch.org*

# LET NOTHING MOVE YOU...

***"Stand firm. Let nothing move you"*** (1 Corinthians 15:58 NIV).

One of the recurring themes in the Bible is **perseverance.** The apostle Paul wrote: ***"My dear friends, stand firm and don't be shaken. Always keep busy working for the Lord. You know that everything you do for Him is worthwhile"*** (1 Corinthians 15:58 CEV).

He also wrote: ***"Don't get tired of helping others. You will be rewarded when the time is right, if you don't give up"*** (Galatians 6:9 CEV).

In 2 Timothy 4:7, Paul compares his life to a race. **The dividing line between winning our race isn't talent; it's tenacity.** Being tenacious means:

(1) Giving it everything we have, not more than we have. When we push ourselves too hard, we burn out. Being tenacious means giving 100 per cent - not more, and certainly not less.

(2) Working with determination instead of waiting on destiny. Persistent people don't rely on luck or fate for their success. They recognise that trying times aren't the times to stop trying.

(3) Stopping when the job is finished, not when we're tired. Sometimes we may have to push beyond what we think we can do to be victorious.

James wrote: ***"God will bless you, if you don't give up when your faith is being tested. He will reward you with a glorious life"*** (James 1:12 CEV).

So what now?

Today, for whatever you're needing to accomplish, refuse to give up and keep going until you cross the finish line. But remember each day to draw on God's grace - this is the key for rest and strength to persevere and succeed.

*- Selected*



**Regret looks back.**
**Fear looks around.**
**Worry looks in.**
**Faith looks up.**

# The Power of Omnipotent God



A single bomb devastates a city, and the world is ushered into the nuclear age. A split atom reveals power and force as we have never seen. At a launch site, rockets roar and a payload is thrust into space. Discoveries dreamed of for centuries are ours as we begin to explore the Universe.

Volcanoes, earthquakes, tidal waves, hurricanes and tornadoes unleash uncontrollable and unstoppable force. And we can only avoid them and then pick up the pieces.

Power, strength, might - we stand in awe at natural and man-made display. **But these forces cannot touch the power of omnipotent God.** Creator of galaxies, atoms, and natural laws, the sovereign Lord rules all there is and ever will be.

**How silly to live without Him; how foolish to run and hide from Him; how ridiculous to disobey Him! But we do.** Since Eden, we have sought independence from His control, as though we were gods and could control our destiny. And He has allowed our rebellion. **But soon the Day of the Lord will come!**

It is about this day that the prophet Joel spoke, and it is the theme of this biblical book. On this day God will judge all unrighteousness and disobedience - all accounts will be settled and the crooked made straight.

We know very little about Joel - only that he was a prophet and the son of Pethuel. He may have lived in Jerusalem, for his audience was Judah, the Southern Kingdom. Whoever he was, Joel speaks forthrightly and forcefully in this short and powerful book. His message is one of foreboding and warning, **but it is also filled with hope. Joel states that our Creator, the omnipotent Judge, is also merciful, and He wants to bless all those who trust Him.**

Joel begins by describing a terrible plague of locusts that covers the land and devours the crops. The devastation wrought by these creatures is but a foretaste of the coming judgment of God, the "Day of the Lord". **Joel, therefore, urges the people to turn from their sin and turn back to God.** Woven into this message of judgment and the need for repentance is an affirmation of God's kindness and the blessings He promises for all who follow Him. In fact, *"everyone who calls on the Name of the Lord will be saved"* (Joel 2:32).

As you read Joel, catch his vision of the power and might of God and of God's ultimate judgment of sin. Choose to follow, obey, and worship God alone as your sovereign Lord!

OOO ooo OOO ooo OOO

**God is the One with Whom we all must reckon** - not nature, the economy, or a foreign invader. We can't ignore or offend God forever. We must pay attention to His message now, or we will face His anger later.

The day for settling accounts with God for how we have lived, is fast approaching. But God is also ready to forgive and restore all those who would come to Him and turn away from their sin. God wants to shower His people with His love and restore them to a proper relationship with Him.

*[LIFE APPLICATION BIBLE, Tyndale House Publishers, Inc., Wheaton Illinois, USA, 1988].*

# GOD'S GREATNESS

*King David's poetic song of praise.*

*My heart explodes with praise to You!*
*Now and forever my heart bows in worship to You,*
*my King and my God!*
*Every day I will lift up my praise to your Name*
*with praises that will last throughout eternity.*
*Lord, You are great and worthy of the highest praise!*
*For there is no end to the discovery of the greatness that surrounds You.*
*Generation after generation will declare more of your greatness*
*and declare more of your glory.*
*Your magnificent splendour and the miracles of your majesty*
*are my constant meditation.*
*Your awe-inspiring acts of power have everyone talking!*
*I'm telling people everywhere about your excellent greatness!*
*Our hearts bubble over as we celebrate the fame*
*of your marvellous beauty, bringing bliss to our hearts.*
*We shout with ecstatic joy over your breakthrough for us.*
*You're kind and tenderhearted to those who don't deserve it*
*and very patient with people who fail You.*
*Your love is like a flooding river overflowing its banks with kindness.*
*God, everyone sees your goodness, for your tender love*
*is blended into everything You do.*
*Everything You have made will praise you, fulfilling its purpose.*
*And all your godly ones will be found bowing before You.*
*They will tell the world of the lavish splendour of your Kingdom*
*and preach about your limitless power.*
*They will demonstrate for all to see your miracles of might*
*and reveal the glorious majesty of your Kingdom.*
*You are the Lord Who reigns over your never-ending Kingdom*
*through all the ages of time and eternity!*
*You are faithful to fulfil every promise you've made.*
*You manifest yourself as Kindness in all You do.*
*Weak and feeble ones You will sustain.*
*Those bent over with burdens of shame You will lift up.*
*You have captured our attention and the eyes of all look to You.*
*You give what they hunger for at just the right time.*
*When You open your generous Hand, it's full of blessings,*
*satisfying the longings of every living thing.*
*You are fair and righteous in everything You do,*
*and your love is wrapped into all your works.*
*You draw near to those who call out to You, listening closely,*
*especially when their hearts are true.*
*Every godly one receives even more than what they ask for.*
*For You hear what their hearts really long for,*
*and You bring them your saving strength.*
*God, You watch carefully over all your devoted lovers*
*like a bodyguard, but You will destroy the ungodly.*
*I will praise You, Lord! Let everyone everywhere join me*
*in praising the beautiful Lord of holiness from now through eternity!*
*(Psalms 145:1-21 TPT)*

Pick n Pay
Van der Hoffpark
Potchefstroom
Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131



Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom; F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

# FIETSRIT SAAM MET MY VADER

Vandag gee ek hierdie fiets aan jou. Sodra jy hier klaar gelees het, sal jy weet wat om daarmee te doen:

Nadat ek die eerste keer vir Jesus Christus ontmoet het, het die lewe vir my gevoel soos 'n fietsrit op 'n tandem-fiets, en Jesus het op die agtersitplek gesit en Hy het my help trap.

Ek weet nie mooi wanneer dit was dat ons plekke omgeruil het nie, maar sedert Hy die vóórsitplek ingeneem het, was die lewe nooit weer dieselfde nie.

Toe ek in beheer was, het ek die pad geken; dit was redelik voorspelbaar - altyd die kortste pad, op my manier, tussen twee punte.

Maar vandat Jesus Christus die stuurstokke oorgeneem het, is die hele pad sommer interessant en opwindend, al hou ek soms asem op!

Hy neem ons oor asemrowende bergpaaie, deur rotsagtige plekke, afdraandes teen nekbreeksnelhede en al wat ek kon doen, was om vas te hou.

Selfs wanneer dit gelyk het na skone malligheid, het Hy aangemoedig met 'n "hou net aan met trap!"

Ek het bang en paniekerig geraak en uitgeroep. "Waarheen neem U my?" Hy het net geglimlag en nie geantwoord nie, en ek het geleer om Hom te vertrou.

Ek het my voorspelbare leefstyl vergeet en gewoond begin raak aan die avontuur van op die agterste sitplek te ry en saamtrap, maar met geen stuurstok in my eie hande nie.

Wanneer ek soms begin bang raak, dan het Hy teruggeleun en my hand aangeraak.

Hy het my geneem na mense met gawes wat ek nodig gehad het - gawes van genesing, aanvaarding, vriendelikheid.

Hy het my beveel: "Gee jou gawes weg, dis te veel bagasie, te veel gewig."

So het ek weggegee aan mense wat ons ontmoet het op die pad, en ek het ontdek dat deur weg te gee, ek al hoe méér ontvang het,



maar my vrag het nie swaarder geraak nie; die las was lig.

Aanvanklik het ek Hom nie volkome vertrou nie, en ek was mos self in beheer van my lewe.

Maar toe ek begin agter ry het, het ek gedink, Hy gaan ons verongeluk! Stelselmatig het ek egter agtergekom dat Hy fietsrygeheime ken...

Hy het geweet hoe om deur 'n skerp draai te beweeg, hoe om te klim oor rotse wat heeltemal te hoog gelyk het vir my, en ook waar om te jaag, sodat ons vinniger deur die gevaarlike plekke kon kom.

Ek het algaande geleer om my mond te hou en net saam te trap, dikwels op die mees ongewone plekke; ek het begin ontspan en selfs geleer om die natuurskoon rondom my te geniet - en ook die koel wind in my gesig in die permanente kameraadskap van Iemand wat my nooit sal begewe of verlaat nie - die Heilige Gees!

En elke keer wanneer ek seker was dat ek aan die einde was van my eie kragte, glad nie in staat om verder te gaan nie, dan het Hy geglimlag en my aangemoedig... "Trap My Kind, Trap!"

# GOD MAAK SY BELOFTES WAAR

**Genesis 18:1-15; 21: 1-7**


As die Here aan jou beloftes in Sy Woord maak, kan jy daarop staatmaak vir lewe en dood. Reeds by jou doop in die Naam van die Drie-Enige God, het die Here aan jou belowe dat Hy vir jou 'n God sal wees en jy aan Hom kan behoort.

Dit sien ons in die verhaal van die geboorte van Isak - die uiteindelike vervulling van die Here se belofte aan Abraham en Sara. In Gen. 11:30 het ons gelees dat Sarai onvrugbaar was. Kinderloosheid is in die Ou Testament is gesien as dat God jou nie seën met 'n nageslag nie. Daar was niemand om die geslagslyn voort te sit nie.

Die soberheid waarmee van Isak se geboorte gepraat word, is opvallend. Na soveel lang jare se wag sou 'n mens iets vroliker verwag het. Hoekom so saaklik en eenvoudig? Dit wil maar net beklemtoom dat die belofte van God se kant uitgevoer is. Dis die werk van God - nie 'n mens nie! Dit wil ook sê: Maar wat het jy nou eintlik anders verwag? Het jy dan getwyfel? Dalk gedink dat God nie Sy beloftes sou uitvoer nie? Let wel! Dit gaan om meer as net 'n toevallige "klein" beloftetjie om 'n kinderlose egpaar te help. God het Abraham beloof dat sy nageslag soos die sterre aan die hemel sal wees. Meer nog: uit Abraham, Isak en Jakob, Juda, Dawid, sal die Christus, die Verlosser, kom! En Abraham, en sy nageslag moet vir die mense rondom hulle tot 'n seën wees. Die Kerk, jy en ek, word daarmee ook geroep om vir die mense rondom ons tot 'n seën te wees.

Op die Here kan 'n mens vertrou. Die God van Abraham is Iemand op wie 'n mens *"teen hoop op hoop"* kan staatmaak (Rom. 4:18).

Beteken dit dat alle probleme met die klap van 'n vinger opgelos is? Nee. Abraham en Sara moes nog 25 jaar wag vir die geboorte van Isak. Om ons te laat verstaan dat God se trou, die waarmaak van God se beloftes, nie afhanklik is van ons menslike deurstettingsvermoë nie. Dit gaan nie om Abraham en Sara wat maar net moes vasbyt nie. Dit gaan om God se trou. Want toe dit verby die tyd was om kinders te hê, heeltemal, totaal te laat - toe kom Isak! God doen dinge so wonderlik, dat niemand enige twyfel kan hê nie!



Hy is die God wat die onmoontlike moontlik maak.

As ons dink alles is hopeloos afdraand, die einde van die pad, te laat: juis dan kom gee God nuwe hoop. Soos ook toe die menslik onmoontlike gebeur het en Jesus Christus uit die dood opgestaan het!

Ons hoor dit in Sara se lag. (Die naam Isak beteken: hy lag). Eers 'n lag van spot, twyfel. En toe 'n vreugdelag! Van erkenning dat al die wag, angs, spanning, verdriet verby is. Vreugde van 'n kind ná die hartseer van kinderloosheid.

Die Here maak Sy beloftes waar. Die Here verander ons trane in gelag.

In die naam van Isak is ter sprake die mens se onmag. Sara bars uit van die lag. Dis tog onmoontlik dat sy op haar ouderdom nog kan kinders hê! Maar dis ook 'n teken van God se almag! Hy is die Here, Hy werk en niemand kan dit keer nie! Maar dan, wanneer geloof die belofte vervul sien, is daar 'n vreugdelag wat aan God die eer gee vir die uitkoms.

Wat sê dit alles? Dat ons God gerus maar op Sy Woord kan neem. God het 'n plan met elkeen van ons se lewens. Hy maak Sy beloftes waar! Amen.

*Ds. Koos Mouton, 082 925 3959.*

# WETENSKAP ERKEN DIE KRAG VAN GEBED

***"Wees oor niks besorg nie,maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God"*** **(Filippense 4:6).**

**God se Woord sê duidelik vir ons dat ons oor alles moet bid. Deesdae begin die wetenskap die waarde en krag van gebed erken. Navorsers wat die rol wat geloof in gesondheid speel, ondersoek, ontdek bewyse wat moeilik is om te weerlê.**

**'n Studie wat byvoorbeeld in 2014 deur *The Mind Health Report* van stapel gestuur is, het bevestig dat mense wat by private gebed, voorbidding en kerkaktiwiteite betrokke is, gesonder is en langer lewe. Hier is nog 'n paar addisionele voordele:**

**1) Wetenskaplikes aan die Universiteit van Florida het gevind dat om vir iemand te bid, jou bereidheid om hulle te vergewe, verhoog. Toe 'n groep mans en vrouens elke dag vir vier weke lank vir die welstand van 'n nabye vriend gebid het, was hulle gewilliger om nie net die vriend nie, maar ook mense in die algemeen, te vergewe. Vergifnis word met beter algehele gesondheid en tevredenheid met die lewe geassosieer.**

**2) Navorsers aan die Universiteit van Miami het bevind dat gebed en godsdienstige aktiwiteite jou vermoë om langtermyn doelwitte na te streef en te bereik, verbeter. Gebed affekteer areas van jou brein wat selfbeheersing verbeter en mense wat hulle doelwitte as heilig sien, is meer vasbeslote om dit te bereik.**

**3) 'n Studie wat deur die Universiteit van Wisconsin-Madison geloods is, het bevind dat slagoffers van afbrekende verhoudings weer 'n positiewe selfbeeld kan opbou en hulle emosionele pyn verminder, wanneer hulle lewens gebed insluit.**

**4) Navorsers aan die Universiteit van Columbia het bevind dat mense wat godsdiens aanhang en gereeld kerk toe gaan, 90 persent minder geneig is om aan depressie te ly as hulle nie-godsdienstige eweknieë. Dis nogal sterk bewyse ten gunste van gebed, nie waar nie?**

**(Lees ook Hand. 8-9; Matt 27:1-10; Ps. 140; en Spr. 16:3).**

**000 ooo 000 ooo 000 ooo**

***"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag"*** **(Jakobus 5:16).**

**Voeg nog die volgende sewe gedagtes by om oor na te dink:**

**1) Wanneer dit by gebed en betrokkenheid by die kerk kom, het 'n studie wat deur die Universiteit van Michigan gedoen is, bevind dat dit emosionele en finansiële stres verlaag.**

**2) 'n Gerespekteerde gerontoloog het bevind dat private gebede jou algehele welstand ná hartchirurgie kan verbeter en jou minder angstig kan laat voel.**

**3) 'n Nasionale opname van kinders se gesondheid het bevestig dat kinders wat by die kerk betrokke is, hoër opvoedkundige verwagtinge het en beter in wiskunde en lees presteer. Kinders wat so min as een keer 'n maand kerk bygewoon het, was minder geneig om 'n graad op skool te moet herhaal.**

**4) Die joernaal *Psychiatric Services* haal verskeie studies aan wat wys hoe positiewe godsdiensoortuigings 'n belangrike rol in die herstel van alkohol- en/of dwelmmisbruik speel en 'n groot rol speel dat mense nie weer in verslawing verval nie.**

**5) Toe navorsers by Yale se *Skool vir Geneeskunde* 2 000 mense oor die ouderdom van vyf-en-sestig jaar bestudeer het, het hulle gevind dat diegene wat kerk bywoon, minder geneig was om hul verstandelike vermoë in die toekoms te verloor.**

**6) Woede oordryf jou stresreaksie en verhoog jou bloeddruk. Studies by die Universiteit van Ohio het bevestig dat wanneer jy vir die persoon vir wie jy kwaad is, bid, dit jou woede kan kalmeer en positiewe emosies soos deernis kan bevorder, wat jou algemene gesondheid verbeter.**

**7) *Sociological Quarterly* rapporteer dat tieners wat betekenis in hul geloof vind en dit as belangrik ag, beter verhoudings met hul ouers het, wat tot 'n meer bevredigende ervaring vir die hele familie lei.**

**Lees ook verder Hand. 10-11; Matt. 27:11-26; Ps. 146; en Spr. 16:4-5.**

***[Ingestuur deur Past. Danny Strydom, 079 407 1979]***

# DIE PRYS EN DIE KRAG VAN WARE GEBED

***"Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins"*** **(Fil. 1:21).**

**Dit is al ongeveer 50 jaar sedert SINICHI TOYODA, een van die vurigste evangeliste en 'n radioprediker van die *Japan Sending*, gesterf het.**

**Hy het só 'n gebedslas vir andere gehad dat hy soms nagte in gebed deurgebring het. Op Saterdagaand 18 Augustus 1973, het hy weer na 'n berg gegaan om die nag in gebed deur te bring.**

**Die volgende nag is hy na 'n soektog op sy aangesig gevind in gebedshouding, met sy oop Bybel en gebedskaarte. Hy het aan 'n hartaanval beswyk en was slegs 33 jaar oud. Hy het heengegaan, maar sy brandende liefde vir Christus, sy ywer vir die redding van siele en vir herlewing, sy stralende persoonlikheid, sy teer gewete en opofferende lewe bly steeds 'n besieling vir talle.**

**PRAYING HYDE, sendeling in Indië, het vir dae en nagte aaneen gebid. Hy het só 'n intense gebedslas gehad en 'n lewe van gebed beoefen dat sy gesondheid ingegee het en daar is bevind dat sy hart na die regterkant van sy bors geskuif het.**

**Hy het teruggekeer na Amerika om te sterwe, maar in antwoord op sy gebede het God letterlik duisende siele in Indië gered, en die seën wat voortgevloei het deur die uitdaging van sy lewe, is onberekenbaar.**

**DAVID BRAINERD het letterlik uitgebrand in 'n lewe van selfopoffering en gebed. Alleen in die woeste wildernis van Amerika waar hy geworstel het met 'n dodelike krankheid, het hy dag en nag gebid.**

**Hy het die gewoonte gehad om soms snags op die bevrore grond te lê, in 'n beervel toegedraai, en tot God te roep om die Rooi Indiane te red.**



**Hy was maar 'n jong man toe hy gesterf het, maar God het die onkundige, heidense, besope skepsels by die honderdtalle gered en hul lewens radikaal omskep tot die van rein Christene.**

***(Oorgeneem)***



# WARE RYKDOM...

***Dis nie wat óm my is nie, maar wat binne-in my is, wat tel. Dit is nie wat ek besit nie, maar wat ek is, wat my gelukkig of ongelukkig maak. - Goethe***

**Daar is die storie van 'n baie ryk man wat op 'n klein dorpie gewoon het. Een aand het hy met sy perd in 'n woud op sy landgoed gaan ry en op 'n brandarm, stokou man afgekom wat hardop besig was om die Here te loof en te prys vir Sy goedheid. Die ryk man was verbaas dat dié bejaarde omie, wat in sy oë glad niks gehad het waaroor hy kon bly wees nie, so gelukkig was.**

**Skielik het daar 'n digte mis opgekom - so dig dat die ryk man op 'n stadium bang was dat hy sou verdwaal. Uit die mis het hy 'n stem hoor sê*: "Vannag gaan die rykste man in die dorp sterf."* Die ryk man was vreesbevange - hy het goed geweet dat hy die rykste man in die dorp was. In aller yl het hy hom teruggehaas na sy huis toe. Hy het die beste dokter laat kom om die hele nag by hom te waak. Eers toe hy die son deur sy kamervenster kon sien opkom, het hy 'n sug van verligting geslaak - die nag was om, en hy het nog geleef!**

**Daardie oggend het hy die dorpie naby sy landgoed besoek en gehoor dat die ou man wat hy die vorige aand in die woud hoor bid het, dié nag oorlede is. Toe hy terug was by die huis, het hy vir sy vrou vertel dat die rykste man in die dorp die vorige nag dood is.**

***"Hoe kan jy so sê?"*** **het sy gevra.**

***"Jy is dan die rykste."***

***"O nee,"*** **het die ryk man geantwoord, *"ek weet nou dat geld en goed 'n mens nie gelukkig kan maak nie. Die rykste én die gelukkigste man is dié een wat die Here ken en liefhet."***

***[Uit: Vonkelvreugde, Nina Smit, Carpe Diem Media, 2001].***

# Gemoedskalmte

*Jesus is die Prins van Vrede, en Sy vrede oorspoel ons lewe wanneer ons al ons sorge, kommer en angs in gebed na Hom toe bring.*

*Hy is by magte om enige probleem te hanteer wat oor ons pad kom, en meer nog, Hy is by magte om ons bekommerde gemoed te stil sodat ons perspektief op angsvolle situasies verander in 'n hemelse perspektief.*

*Ons bestee soveel tyd om ons omstandighede te probeer verander wanneer dit dikwels noodsaakliker is dat om ons eie hart verander. Daar is al gesê dat gebed nie soseer die situasie verander nie, maar eerder die een wat bid. En deur gebed gee God ons die krag wat ons nodig het om te hanteer wat oor ons pad kom.*


*Wat dan die nodigste is, is die krag en die vertroosting van die Here en Sy vrede wat ons hart en verstand bewaar.*

*Daar is ander situasies wat ons tussentrede, of een of ander aksie, vereis. Maar voor ons trompop in 'n situasie inloop en dit sodoende vererger vanweë ons gebrekkige begrip, moet ons eers bid en God om wysheid en insig vra.*

*Wanneer ons dan 'n duidelike begrip van die beste plan van aksie het, sal ons met vertroue en moed kan optree in die wete dat God met ons is.*

*'n Gebedslewe wat deur intieme oomblikke met God gekoester en gekweek is, berei ons voor vir enige krisis of ramp, groot of klein, wat oor ons pad kom. En dan sal ons deur die lewe gaan sonder dat die dinge van die lewe ons kwel, seker van die kalmte wat Hy skenk.*

*- Gebede en Oordenkings, Christian Art Gifts, 2003.*



# So in die Verbygaan...

**Hierdie gejaagde wêreld veroorsaak dat ons almal smag na rus, na vrede, na stilte, na afklim van die altyd bewegende wêreldmallemeule. Soms voel dit asof 'n mens se gedagtes fladder soos voëltjies uit 'n nes op hul wieke die ewige ruimtes in…**

**Ander kere dwaal jy tussen niks en niks - sukkel om jou menswees bymekaar te hou sodat dit nie opbrokkel en die skerfies langs hierdie pelgrimspad bly lê nie. Die verkenningstog is soms pynlike erkenning, soms onvrugbaar. Tog lê daar in die onbegryplikheid van so baie dinge dikwels die motivering vir die mens se gees om sy grensloosheid mateloos na te vors…**

**En so is dit die intreder op sy knieë wat 'n instrument word waardeur God se helende krag na homself sowel as na 'n gerypte, gekneusde en gans geskonde wêreld kan deurvloei. Hier vind hy antwoorde op sy kwelvrae en raak opnuut bewus van die sin van die lewe.**

**Só is die biddende mens nie slegs 'n toeskouer van die lewensdrama wat hom elke dag afspeel nie, maar 'n vennoot van God wat kan meeleef met die lydendes en verwondes en Hom as 'n Liefde-God kan voorstel aan 'n wêreld in nood.**

**Hierdie *gee* van jouself in gebed en daad, is 'n uitdaging wat aanspraak maak op jou beste vermoëns. Om dit heelhartig te aanvaar, vra inspanning en toewyding.**


**Maar as 'n mens werklik met jou hele hart begeer om God só te dien, sal jy gewillig wees om die prys daarvoor te betaal. Indien ons nie hierdie geweldige roeping van God ons eie maak en beoefen nie, sal ons altyd wees soos 'n voël met geknipte vlerke wat nooit van die aarde kan opstyg in die volle glans van die son nie...**

**Daarom moet ons ook nie toelaat dat die oneindige moontlikhede van my vennootskap met God ingesluk en verongeluk word deur mislukkings en "vallei-dae" nie, maar ek moet uitstyg op die vleuels van gebed en in die krag van die Woord van God wat my meer as oorwinnaar maak oor elke omstandigheid. Want die rykdom en volheid van God se Woord en beloftes kan nooit uitgeput raak nie en bly selfs vir hierdie eeu nog van krag.**

**In hierdie immer donkerwordende wêreld, skyn die Son van Geregtigheid al helderder vir elke mens wat Sy aangesig soek en Sy beloftes wil aanneem.**

**Daarom kan ek deur die krag van gebed ondervind dat Hy in staat is om my *"uit te lei in die ruimte"* (Psalm 18:20) en ook vir elkeen vir wie ek intree, vry te spreek en te verhef bo die skaduwee van die dood en die angel van die sonde.**

***© Huegene Venter***




*Life is an amazing mixture of victory and defeat, success and failure, joy and pain, peace and battles, happiness and brokenness. But life in JESUS assures the ultimate victory over everything.*

The Divine Shepherd seeks daily to lead His sheep to the "still waters" of His Word, and how sad it is that so many Christians prefer to drink from the polluted pools of the world.

O Father God, help me come to the quiet times with quiet expectancy - expectancy that here my weakness shall become strength, my doubt become faith, my fears become courage and my sin become redemption.

# Blom In Die Here...



Die man se gebed het my aangegryp. Kinderlik opreg en eenvoudig het hy gebid vir talle mense.

Heel laaste het sy kinders aan die beurt gekom: *"Here, my God, U het aan my kinders gegee."*

So het hy begin, en toe vervolg: *"Ek weet dat ek nie naastenby alles gedoen het wat ek met betrekking tot hul geestelike toerusting aan hulle verskuldig is nie. Maar nou vra ek nederig dat U, ondanks my tekortkominge, hulle nogtans sal laat blom."*

Hy het 'n oomblik gehuiwer, so asof daar nog iets kortkom, en toe voortgegaan: *"Ek bedoel, dat hulle moet blom in die Here."*

Ek het lank daarna nog aan die kinderlike gebed gedink, en veral aan die betekenisvolle woorde: *"Ek bedoel dat hulle moet blom in die Here."* Dit het duidelik tot my deurgedring dat daar nogal 'n groot verskil tussen gewoonweg *blom* en *blom in die Here* is.

'n Mens wat gewoonweg blom, deel normaalweg in die materiële voorspoed wat aan hom gegee word. Hy het aan niks gebrek nie, sy gesondheid is goed en kwellinge is daar nie. Die vraag sou dan gevra kon word of 'n mens hoegenaamd meer as dit nodig het? Dis duidelik dat die man wat vir sy kinders gebid het, inderdaad so gedink het.

Die drie woordjies *"in die Here"* maak 'n groot verskil. Wie *in die Here blom,* ontvang 'n diepe vrede en geluk wat alle verstand te bowe gaan. Dit styg ver bokant materiële welvaart of gesondheid uit en bly staan, selfs al sou dit uiterlik lyk of dit nie goed gaan nie.

Die profeet Habakuk moes hierdie boodskap, nl. dat 'n kind van God moet *blom in die Here,* selfs ondanks teëspoed, aan die mense tuisbring. En hoe aangrypend het hy dit nie gedoen nie!

*"Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God my Redder" (Hab. 3:17-18).*

Hier lê dan die groot verskil tussen gewoonweg *blom* en *blom in die Here*. Dis 'n goeie gebed om vir jou kinders te bid: Here, laat my kinders blom - blom in die Here!

*- Oorgeneem*

# Looking for Love

Imagine trying to explain the good news of Jesus without using the word 'love'! It is not possible, is it?

For several years, Helen and Ray Elliot had been living with the Ixil people of Nabaj, Guatemala, learning their language, but they had been unable to find an Ixil word for love… until tragedy struck!

Fireworks, stored for a carnival, were accidentally set off and in the explosion, two boys were badly burned. One boy was Indian, and the other a Spanish Guatemalan.

Helen was called, and arrived to find that the parents had applied motor oil and wood ash to the burns. She had no medical training, but she prayed. Then she rushed off to town and bought penicillin and morphine. She cleaned the wounds and applied bandages.

Soon after she had left, the local traditional healer arrived. He was angry that someone had usurped his role, and he tore off the bandages, breaking open the wounds.

When Helen returned, he was calling on the spirits to discover which one had to be appeased. Helen, convinced that the two sorts of prayer and the two sorts of medicine would not mix, challenged the parents to choose. The healer was furious, but he had to leave as the parents decided to try Helen's way.

She prayed and patiently tended the boy's wounds, treating both with equal care, although the local people expected her to favour the Spanish boy.

On the twentieth day Helen arrived to find an old Indian lady watching them. This particular day she treated the Indian boy first. The old woman was deeply touched and said, "See how she treats him, such *shon.*"

*Shon?* What was that? As Helen began to realize the meaning of the word, she wept - *'a love that gives without expecting.'* Here at last was a way to tell the Ixil people that God loved them all, equally, totally and undeservedly! *[Wycliffe News, June 1999].*

"Brood," vra die hand
wat na my toe uitgesteek word -
"Ek is honger en het jou barmhartigheid nodig,"
Smeek-vra die oë…



Ek gee gehoor aan die woordelose versoek
want my eie hart
honger na U Brood
en sonder U barmhartigheid
kan ek nie lewe nie…

© Huegene Venter





